

Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 8

> *Op hierdie manier voorkom ons dat enigiemand ons dalk sou verdink in verband met so ’n groot som geld wat ons moet wegbring. (2 Kor 8:20)*

Paulus was nie net ’n groot apostel nie. Hy het ook prakties

gedink oor die lewe en oor hoe ander sy optrede sou beoordeel. Daarom vat hy verteenwoordigers uit die gemeentes met hom saam wanneer hy na Jerusalem reis om die geld wat hy ingesamel het, te gaan oorhandig. Hy het besef dat kwaadwillige mense hom maklik sou kon beskuldig dat hy van die geld vir homself gevat het.
Ons is dikwels geïrriteerd oor al die maatreëls wat getref word wanneer dit by geld kom. In die kerk word die kollekte byvoorbeeld eers deur die diakens getel en aangeteken voordat die skriba dit ontvang. Die skriba teken dan weer die bedrag aan wat inbetaal is, en dié bedrae word noukeurig deur ’n rekenmeester gekontroleer. Dit voel na onnodige werk, maar dis die korrekte manier (vers 21).
Geldgierigheid het ongelukkig al meermale mense van onbesproke karakter gepootjie. Daarom waarsku Paulus in Rom 13:14 dat ons nie voorsorg vir die vlees mag maak om sy begeerlikhede te bevredig nie (OAV).
Onkreukbaar en bo alle verdenking. Dís hoe ons moet leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026